

Maandag 6 Junie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10; HK Sondag 13, Antwoord 34

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:9

Die Here het ons losgekoop om sy eiendom te wees

Christus het ons losgekoop met die doel om ons tot sy eiendom te maak. Deur die verlossingswerk van Christus, deur die bloedprys wat Hy vir ons betaal het, is ons sy eiendom net soos 'n slaaf destyds die eiendom van sy baas was. En omdat ons sy wettige eiendom is, is Hy *ons Here*. Om die eiendom van Christus te wees, is 'n heerlike en rusgewende wete. Ek is syne en Hy sal altyd vir my sorg en my beskerm (Ps. 121; Jes. 43:2). Niks sal my ooit uit sy hand ruk nie (Joh. 10:28, 29). Vir tyd en ewigheid behoort ek aan Hom om te deel in die heerlikheid wat Hy vir my verwerf het.

Om die Here se eiendom te wees, plaas egter ook 'n gewigtige roeping op ons. Hierdie roeping is dat ons *met ons hele lewe moet toon dat ons nie die eiendom van die wêreld of die duiwel is nie, maar van Jesus, ons Here, alleen*. As Jesus Christus werklik ons Here is, dan behoort ons aan Hom met liggaam en siel, met hart en verstand en wil, met lewe en besittings, met man en vrou en kinders. Dan moet ons dit egter nie net sê nie, maar dit ook aan die wêreld wys. Iemand het gesê dat Jesus Christus so deurskynend deur sommige mense skyn asof Hy weer in hulle opgestaan het met sy verheerlikte liggaam, tot versterking van ander se geloof en om so die donker wêreld ligter te maak (Teilhard de Chardin). Dit behoort eintlik die geval te wees in die lewe van elke ware Christen. Vanweë die gebrokenheid deur die sonde is daar egter min wat in staat is om so 'n lewe en gesindheid te openbaar. Tog moet ons elke dag daadwerklik probeer om so te lewe. Ons moet duidelik laat blyk dat ons gedagtes, begeertes en voornemens beheers word deur ons Here aan Wie ons behoort, omdat Hy sy Heilige Gees aan ons gegee het. Dit wat ons *sê*, dit wat ons *doen*, dit waarna ons *luister*, die plekke waarheen ons *gaan* – in alles moet Hy, ons Here, gedien word, want ons behoort aan Hom met mond en hande en ore en voete (Rom. 12:1). Dit is die geweldige konsekwensies van ons belydenis dat Jesus Christus ons Here is.

Dat Hy ons Here is, beteken dat Hy oor ons regeer, nie bloot deur mag en krag nie, maar deur sy Woord en Gees (Sag. 4:6). Daarom moet sy Woord ons wet wees, sy wil moet ons wil word, en om sy gebooie te gehoorsaam, moet vir ons 'n vreugde wees (1 Joh. 5:3). Dit sal die geval wees as ons vervul is met opregte dankbaarheid dat Hy ons met sy kosbare bloed verlos het van ons sondes en van die heerskappy van die duiwel losgekoop het.

Hy, ons Here ... Ons, sy verlore dienaars.